CURRO Castle Krugersdorp

NUUSBRIEF: JUNIE 2016

Geagte Ouer/Voog



Waar is die tyd heen? Ons is reeds in die middel van die jaar en ons eerste evaluering is reeds afgehandel! Dit gaan goed met ons leerders en personeel, net ’n paar snuifies hier en daar. Ek is seker almal sien uit na ’n welverdiende breuk wat voorlê.

Die gebou langsaan is byna klaar en ons is baie opgewonde om ons nuwe leerders vanaf 4 Julie te ontvang.

ANDER NUUS…

KANTOORURE

Ons formele kantoorure is vanaf 7:30 tot 16:30 daagliks. Geen gelde kan gedurende enige ander tye by die kantoor inbetaal word nie. Na 16:30 moet u die nasorgnommer skakel indien u afhaal-reëlings moet tref met die nasorgpersoneel. Die nasorgnommer is 061 465 3027, stoor dit asseblief op u selfoon.

VAKANSIEPROGRAM

Die vakansieprogram word aangebied vanaf Maandag, 27 Junie tot Maandag, 18 Julie. Die skool heropen weer op Dinsdag, 19 Julie. Onthou asseblief om die nasorgnommer te skakel gedurende die vakansietydperk.

Alhoewel Curro Castle vir die hele Julie-vakansie oop is, sal ons dit waardeer as ouers van die Groep 3-klasse hul kinders tuis kan hou gedurende die vakansietydperk. Dit sal ons help met die oorskuifproses en die regmaak van die nuwe fasiliteite, maar daar sal steeds toesig wees vir die leerders wat nie tuis kan bly nie.

“COMRADES”

Die “Comrades” wat op Saterdag, 4 Junie aangebied was, was ’n reuse sukses. Die leerders en hul families het die oggend sommer baie geniet. Dit was een van ons grootste fondsinsamelingsprojekte wat deur die *PAC* georganiseer is en die totale fondse gegenereer uit dié projek is oor die R56 000. Baie dankie aan al die *PAC*-lede vir hul organisering sowel as al die personeel vir al hul harde werk. Foto’s kan op die Curro Krugersdorp Facebook-bladsy besigtig word.

Die leerder wat die meeste fondse ingesamel het, was Kayla Hinrichsen van die Wise Owl-klas. Hulle was dan ook die wenners vir die klas wat gesamentlik die meeste fondse ingesamel het.

VADERSDAG VERRASSING

Na ’n lekker langnaweek, is daar niks beter as om jou Maandagoggend te begin met ’n lekker cappuccino en ’n verrassing nie. Die pappas was al van vroeg af hier om Vadersdag te vier en foto’s met hul kleinding te neem. Foto’s van die oggend kan op die Curro Krugersdorp Facebook-bladsy besigtig word.

JAARFOTO'S
U gaan binnekort inligtingsbriewe en bestelvorms ontvang vir die jaarfoto's wat op Dinsdag, 2 Augustus geneem word. Foto's kan slegs op MyHub betaal word. Ons sal u in kennis stel sodra dit op MyHub gelaai is vir betaling.

PUBLIEKE VAKANSIEDAE
Woensdag, 3 Augustus is Stemdag en die skool sal gesluit wees. Dinsdag, 9 Augustus is ook 'n publieke vakansiedag (Vrouedag), maar 'n vakansieprogram sal op Maandag, 8 Augustus aangebied word.

TOTSIENS
Ons sê totsiens aan Eureka Oosthuizen, opvoeder van die Skilpadjieklas, wat ons aan die einde van die kwartaal verlaat. Eureka sluit by haar man aan wat vroeër die kwartaal na Williston in die Noord-Kaap, verhuis het. Eureka is al vir meer as 8 jaar verbonde aan die skool en sy gaan beslis gemis word. Ons wens haar alle voorspoed toe, maar ons weet sy gaan die stil-dorpie lewe baie geniet. Deidré Petersen is in haar plek aangestel as klasopvoeder.

Opvoerder Laurian Duvenhage van die Tiny Tiger-klas, verhuis ook na die Noord-Kaap. Laurian en haar gesin vestig hulself in Douglas, waar haar man 'n besigheid begin het. Laurian is al 4 jaar by Curro Castle. Sy het as nasorgassistent begin en haarself bewys as 'n opvoeder. Ons wens julle alle voorspoed toe. Sandra Govender neem Laurian se plek as opvoeder in.

PERSONEELSAKE
As gevolg van die nuwe perseel wat volgende maand oopmaak, is daar 'n paar personeel-verskuiwings en baie nuwe aanstellings. Die skoolstruktuur sal in volgende maand se nuusbrief deurgegee word, sodat almal mooi kan sien wie is wie by die skool.

LEERDERPRESTASIE

Baie geluk aan Kaylee Pienaar van die Pikkewyneklas wat baie goed presteer het in karate. Sy het eerste plek behaal in "Kumite" en derde plek in die "Kata Kids National Championships".

LEERDER SÊGOED...

- ***Levi Tolmay (5 jaar oud)***
  Die opvoeder vra haar wat die diertjie is, nadat sy 'n prentjie van 'n marmot vir haar gewys het. Levi antwoord vol selfvertroue: "'n Marmuis, juffrou".

- ***Mia Jansen van Vuuren (2 jaar oud)***
  Die opvoeder vra: "Wat is jou naam en van?" Mia antwoord: "Mia Jesus van Vuuren"

Curro-groete

HELENA H. J. V VUUREN
FASEHOOF

Kom beloftes aan u kind na, al kos dit ook wat...